

### **Vryheid!**

Mens besef nie hoe 'n wonderlike geskenk mens se persoonlike vryheid is nie. Eers as jy vryheid verloor het, besef jy wat dit beteken. Dink maar net hoe iemand voel wat uit die gevangenis vrygelaat word en nou weer vry is. In Psalm 124 word die beeld gebruik van 'n voël wat uit 'n vangnet ontsnap het en nou weer vry wegvlieg.

Wat beteken ons band met Christus vir ons? Gal 5:1: "*Christus het ons vrygemaak om werklik vry te wees...*"

Waarvan maak Hy ons vry?

- Van wettiese godsdiens. Dit is 'n soort godsdiens wat uit duisende reëls en regulasies bestaan wat die lewe vir jou amper onmoontlik maak. Dink maar net hoe wetties die nie-christelike godsdiens is. Wettiese godsdiens is gebou op bangwees vir God.
- Van die sonde en die gevolge daarvan. Sonde neem jou vryheid weg en maak van jou 'n slaaf (vergelyk Gal 5:19-21).

Hoe lyk ons vryheid?

- Ons is vry van enige aanklag teen ons. Vry deur God se genade in Christus (Gal 3:8,13). Ons ken God nou as ons Vader! (Gal 4:6,7). Ons is nie slawe nie, maar Kinders van God!
- Ons is vry van die heerskappy van die sonde. Ons het die Heilige Gees en is vry om die vrug van die Gees voort te bring. Hoe meer ons die vrug van die Gees voortbring, hoe meer beleef ons ons vryheid. Wat kan jou nou 'n vryer en gelukkiger mens maak as liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing? (Gal 5:22).

Dit is die vryheid wat Christus ons gee. Staan daarin vas en moet julle nie onder 'n slawejuk laat indwing nie! Om Jesus Christus te dien beteken om 'n vry mens te wees! Wie die Christelike geloof as 'n slaweband beleef, het nog nie ontdek waaroor dit werklik gaan nie.

Ds. C. Hattingh (Rietvallei)